# Hey! Brokkies Nuus November 2012

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES



## November is maand van eksamen...maar ook van BAIE pret en soetgoed !



1.**Stories van die maand: Uitreik by Helderberg natuurreservaat**: Hey! se 3de jaarlikse uitreik op **27 November** tussen **Beaumont en kleuterskole van die Perelprojek** was weereens 'n reuse sukses! Daar was omtrent **200 kinders** en die foto's vertel die stories van opregte omgee vir ander wie nie so bevoorreg is nie!Daar is **gesing** en saam **gespeel** en lekker **piekniek** gehou en **geskenke** is uitgedeel. Beaumont is verras met lekkergoedpakkies wat die plaaskinders vir hulle versier en gegee het! My boodskap was oor die ballon en dat ons **Jesus nodig het om ons te vul.** As jy wil vol word van God, moet jy eers 'n kind van God word en leeg word van jou sondes. Op my vraag wie so vol wil word van Jesus, het baie hul hande opgesteek en ons het saam gebid dat Jesus hulle sonde wegneem en Sy kind maak. Die kleuters het spontaan begin hande klap na die gebed...die Heilige Gees werk in die klein mensies!! **Bid asb vir die maats wie Jesus aangeneem het**!



Ons is ♥ vir ander kinders

Ek moet DANKIE sê aan almal wie bygedra het tot die sukses hetsy donasies of "hande en voete" wees die dag! Een van die kleuters het gevra : "Het Liewe Jesus dan spesiaal die presente vir ons gebring?" Ja, dis 'n bewys dat ons Sy hande kán wees en ons lig kan laat skyn in 'n donker wêreld!



Lawrencia se kinders geniet die koek

2. **Lawrencia primêr smul aan koek en prys die Here tydens hul afsluiting op 28 November!** Dis altyd heerlik om die see van vrolike gesigte te sien wie heerlik saamsing en daarna bederf word met lekker koek en koeldrank. Vanessa en Marjorie het die saal feestelik getooi vir die geleentheid. Sonder ons getroue donateurs sal hier geen bediening kon wees nie maar a.g.v. julle word die laaste 3 jaar elke jaar 400 kinders bedien met Bybelklasse elke week per graad.

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



3. **Lochnerhof sluit af op 29 November en 5 Desember** Ons kon terugkyk na verlede jaar die tyd waar ons benoud en opgewonde beplan het aan Bybelklasse per klas vir elke graad en vir God die eer gee vir 'n suksesvolle jaar van groei vir kinders en aanbieders! Soos altyd het die groepleiers hulself oortref as akteurs en die boodskap was dat kinders moet **vasstaan in hul geloof en vasstaan teen versoekings. Almal het die toneeltjies en lofprysing baie geniet en sien met verwagting uit na 2013**

Lochnerhof sluit af met die leuse "STAAN VAS!!!"



4. **Sertifikaat uitdeling by skole:** Soos wat die Hey! reënboog 7 kleure het is daar ook 7 knopies wat kinders ontvang per graad. Toevallig dat daar 7grade is op laerskool? Seker nie, né?God weet vooruit wat ons gaan nodig hê! **"WELL DONE" aan al die kinders** julle is waardige ontvangers van hierdie blyk van erkenning...ons is TROTS op julle!

Bybel-lees-is-pret : die trotse gr 4's kry sertifikate



5. **Blaauwklippen 3 Des** : Ook by ons **nuwe bediening onder plaaskinders** is afgesluit met koek en partytjie. Dit was gr8 !! En ons sien uit na die pad wat ons hier gaan stap met hulle.